

Skriflesing: 2 Tim 3:14-4:5

Tema: God se skat aan almal.

Ons het die afgelope 2 Sondag stilgestaan by die verhaal van Jesus en die Emmausgangers. Een van die goed wat Jesus gedoen het in sy gesprek met hulle lees ons in Luk 24:27: "Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê." Ds Toit het hieroor gepraat as die die mag van die Skrif.

Vandag is Bybelsondag. Martin Luther het gesê: "Die Bybel is die krip waarin Jesus lê." Van Genesis tot Openbaring verkondig een boodskap waarin Jesus Christus die sentrale tema is. Die Ou Testament is 'n inleiding tot die koms van Jesus Christus en die Nuwe Testament gaan oor Christus en ons toekoms in Christus.

Die woord Bybel beteken boek. Eintlik is die Bybel God se Biblioteek van boeke, 66 boeke, waarvan 39 in die Ou Testament en 27 in die Nuwe Testament is. Dit is onder leiding van die Heilige Gees geskryf deur minstens 44 skrywers oor 'n tydperk van ten minste 1600 jaar.

Die Bybel is God se skatkis aan almal.

Christus en die Bybel

Ek lees iewers dat Jesus 78 keer uit die Ou Testament aangehaal het. Die apostels het 209 keer uit die Ou Testament aangehaal.

Aan begin van Jesus se lewe word Hy deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. Ons lees daarvan in Matt 4:1-11. Hy is driemaal deur die duiwel versoek en Hy het elke keer geantwoord: "Daar staan geskrywe:..." en dan haal Jesus driemaal uit Deuteronomium en tweemaal uit die Psalms aan.

Wanneer Jesus aan kruis sterf, vind ons in twee van Sy sewe kruiswoorde woorde uit die Psalms.

Sy vierde kruiswoord vind ons in Matteus 27:46: "My, God, My God, waarom het U my verlaat?" Die woorde staan ook in Ps 22:2.

Jesus se sewende en laaste kruiswoord staan in Lukas 23:46: "Vader in U hande gee ek my gees oor." Die woorde staan ook in Ps 31:6.

Ek weet nie van jou nie, maar veral Jesus se aanhalings uit die Ou Testament, gee vir my koue rillings oor die waarheid, volmaaktheid en volledigheid van hierdie skat van God.

Die is egter so dat die Skat kan weggaan in die kerk.

In die Ou Testament lees ons daarvan in 2 Kon 22 en 23. Manasse, 'n goddelose koning in Juda het die tempel laat verval en verontreinig. Die wetboek van die Here het êrens vergete gelê. Die priesters ontdek dit tussen die spinnerakke en die vullis. Toe Josia die boek se boodskap aanhoor, skeur hy sy klere en hy begin, vanuit die Woord, 'n hervorming wat tot by elke faset van sy mense se lewens deurdring.

Bybel raak weer weg in die Donker Middeleeue, die tyd voor die Hervorming. Die Rooms Katolieke kerk van daardie tyd het geglo dat gewone mense nie die Woord kan of mag lees

nie. Nie eers die gewone priesters het Bybels gehad nie! Net die pous en die professore kon die Bybel lees. Jy kan vir jou indink watter krisis dit veroorsaak het. Hulle alleen het die Bybel gelees en vir die mense gesê wat daarin staan en dit het tot allerlei dwaalleer gelei. Die Bybel was 'n verlore skat.

Toe Martin Luther besef watter krag in die Woord sit en hoe dit hóm bevry en nuut gemaak het, het hy gaan sit en die Nuwe Testament binne 6 weke in die gewone spreektaal, Duits, vertaal.

Só het die spreuk **sola scriptura** wat beteken – net die Skrif - tot stand gekom. Die Skrif en nie die pous of enige ander gesag, is ons enigste bron van waarheid én gesag.

In die Hervorming het die fondament van kerkwees geskuif van mense en strukture na die Woord.

Die volgende waarheid komook uit die Hervorming: “Nie ubi papa ibi ecclesia est nie.” Dit beteken: “waar die Woord verkondig, geglo en uitgeleef word, dáár is die kerk.”

Ons lees in 2 Tim 4:2-3 hoe die Bybel vandag weer in die kerk, hier - tussen ons - verlore kan gaan. Vandag worstel ons weer met fokus wat so maklik skuif van Godgerig en Woordgerig na mensgerig.

Kerke word geestelike supermarkte wat net vir mense en hulle behoeftes probeer voorsien. Ons verkoop so maklik geestelike gemorskos. Daar is baie voorbeelde van hoe ons die Bybel aanpas om by ons te pas. Sommige kerkmense oortuig hulself dat dit: “seker nie so sleg is om 'n verhouding buite die huwelik aan te knoop nie of verslaafdheid aan middels of pornografie nie so erg is of ek leef onder geweldige stress, ek moet darem so nou en dan uitbreek. En dan troos ons ons gewetens deur by te voeg dat almal dit tog doen.

Ons mag nooit weer toelaat dat Bybel en sy inhoud, die skat van God weggraak nie.

In 2 Tim 3:16 lees ons dat die hele Skrif is deur God geïnspireer is. Letterlik staan hier dat dit God se asem is.

Waarom gee God vir ons die Bybel?

Ons lees in 2 Tim 3:15b dat die Bybel vir ons die weg na verlossing deur geloof in Jesus Christus leer.

2 Tim 3:16b-17 spel die waarde van die Skrif uit. Die hele Skrif het groot waarde om hulle wat die pad byster geraak het te waarsku en om hul op die regte pad te help. Die Bybel leer ons hoe om reg te lewe.

Ons moet die Bybel lees, leef en leer.

Bestudeer daagliks die Bybel – dit is God se woord, Sy wil in mensetaal.

Deur die Bybel vorm die Heilige Gees jou menswees, jou denke en jou gedrag. Die Bybel vorm ons om 'n al meer 'n nuttige instrument in die hand van Here te wees.

Maak 'n daaglikse afspraak met God. Word op jou eie stil met die Bybel.

Lees dit as familie. Paulus skryf vir die jongman Timoteus dat hy van kleins af die Heilige Skrif ken. Timoteus is deur sy ma en ouma in geloof onderrig. Kinders moet God se Woord saam met moedersmelk inkry.

Lees en leer ook God se woord in die erediens en in kleingroepe.

Leef die Bybel.

In 'n tyd vol dwaalleer en verdeeldheid, vervolging en lyding vermaan Paulus vir Timoteus om nie 'n duim van die regte koers af te wyk nie. Ons lees sy woorde in 2 Tim 3:14 "Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo."

Ons moet ook die Bybel vir ander leer.

Paulus is baie ernstig hieroor. Twee maal in 2 Tim 4:1 beveel hy Timoteus om die Woord tydig en ontydig te verkondig. "¹Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap: ²verkondig die woord..."

Wanneer mense onsin praat, moet hy hulle reghelp.

Hy moet hulle aanspreek en wanneer hulle nie wil luister, kwaai met hulle praat.

Hy moet die regte koers aanwys.

Wanneer iemand moedeloos is, moet hy so persoon moed inpraat.

En hy moet geduldig wees wanneer hy, uit die Bybel mense stap vir stap help om die regte pad te loop.

Ek sluit af met 'n aanhaling van Prof Piet Naudé:

"Die kosbaarste besitting van ons as kerk, is die Woord.

Waar daar Bybelarmoede is, is daar Godsarmoede.

Waar daar Woordgebrek is, is daar waarheidsgebrek, en daarom gebrek aan rigting.

En nog erger, waar daar Bybelverlies is, kom daar mettertyd Godsverlies"

Amen